

24 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25  
Fokusgedeelte: Matteus 1:21

**Jesus, die verlosser van sondes, is byna hier**

**D**ie langverwagte koms van die Messias was op die punt om in vervulling te gaan. Aangrypend word die menslike en bomenslike verweef. Josef, nakomeling van koning Dawid, se verleentheid met sy swanger verloofde, Maria, word die poort waardeur die vervulling van die belofte deur Jesaja bekendgemaak word: “Die maagd sal swanger word en ’n Seun in die wêreld bring en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die wonder van God se voorsiening van ’n Verlosser sal in die geboorte van die Seun sigbaar word. Deur die Heilige Gees verwek, nie deur geslagsgemeenskap nie, is Hy gebore. Daarom moes Hy die naam *Jesus*, Verlosser, kry – die Messias op wie die volk gewag het.

Jesus is ook ons Verlosser, wat mens geword het om ons volkome uit die mag van sonde te red. Hy is gebore uit die nageslag van Dawid, maar ook Seun van God. Hy is Immanuel, God by ons vir ewig.

*Sing: Skrifberyming 4-4:3*

*Dr. Callie Opperman*